



Geopende Deure GEBEDSKALENDER



Toe Islamitiese ekstremiste probeer het om die Kerk in die Midde-Ooste te vernietig, het jou gebede en ondersteuning hoop hier lewendig gehou.

Jy het h verskil gemaak deur te bid, ondersteuning om lewens te herbou en met die ondertekening van ons “Hoop vir die Midde-Ooste”-petisie.

Noeh was slegs twaalf jaar oud toe hy gekies is om die Midde-Ooste te verteenwoordig en dié petisie aan die Verenigde Nasies te oorhandig. Nadat hy na Karamles teruggekeer het, sê die 18-jarige Noeh, nou h herder: **“Die lewe is moeilik en dit is nie maklik om werk te kry nie, maar hier is nou hoop. Ons huise is hier en ons het teruggekom om dit te herbou en te bly. Jesus het ons veilig teruggebring.”**

Dankie dat jy hoop lewendig hou in die Midde-Ooste!

Besoek www.makehopelast.org om die wêreld te verlig in gebed vir ons familie in Sirië en Irak deur ons **Een Miljoen Gebede van Hoop** wêreldwye inisiatief om hoop lewend te hou.



NOVEMBER

1 Vervolgingsondag

Prys God vir die bewusmaking oor die vervolgte Kerk op Vervolgingsondag in Junie. Bid dat gelowiges wat van die vervolgte Kerk gehoor het, in geloof bemoedig sal word en ons vervolgte familie sal bestaan.

2 Suidelike Filippyne

Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond soos Tabari* en Raf* is werkloos weens hul geloof in Jesus Christus. Bid vir voorsiening en werksgeleenthede sodat hulle vir hul gesinne kan voorsien.

3 Sentraal-Asië

Bid vir geheime gelowiges soos Zaira*, wat weens gevaar nie altyd kerk toe kan gaan nie. Bid dat vroue soos sy sterk in hul geloof sal bly en dat God hulle sal gebruik om Sy ligdraers te wees.

4 Demokratiese Republiek van die Kongo

Bid vir die families wie se geliefdes deur Islamitiese militante in Otomaber vermoor is. Bid vir voorsiening vir verskeie gesinne wat hul huise weens brande verloor het – laasgenoemde is deur rebelle begin.

5 Gelowiges in die gevangenis

Bid vir gelowiges wat weens hul Christelike oortuigings in tronke opgesluit is en steeds geweld ervaar. Bid dat hulle krag en vrede in Jesus sal vind terwyl hulle op hul vrylating wag.

6 Reisbediening

Prys God vir die suksesvolle reise wat in 2022 na lande onderneem is waar Christene vervolgt word. Ook vir die talle gebede

wat tydens dié reise namens vervolgte gelowiges opgestuur is.

7 Oesbekistan

Bid vir die vervolgte gelowiges wat gely het weens die aandklokkeel en padblokkades wat in Julie by Karakalpakstan afgedwing is. Bid vir die voorsiening van voedsel, asook die vrystelling van fondse en pensioene, sodat mense hul lewens kan herbou.

8 Marokko

Bid vir gelowiges in Marokko wat voortdurend deur die polisie gemonitor word. Bid dat hulle standvastig in hul geloof sal bly en nie soos misdadigers behandel sal word nie. Bid dat gelowiges se regte eerbiedig sal word.

9 Wêreldvryheidsdag

Prys God vir die vryheid wat ons in Suid-Afrika en regoor die wêreld kan geniet. Bid vir vryheid vir die talle vervolgte gelowiges wat weens hul geloof gevange geneem is.

10 Nigerië


Bid vir die twee Chibok-vroue en hul kinders wat in Junie gered is, terwyl hulle voortgaan om by die samelewing in te skakel. Bid vir ontvoerde vroue wat nog nie gevind is nie om met hul families herenig te word.

11 Oos-Afrika

Bid vir nuwe gelowiges soos Munah* en haar gesin, wat weens hul besluit om Jesus te volg deur hul stamlede uitgedryf is. Bid dat hulle sal onthou dat hulle aan Christus behoort en dat hulle geloof sal groei namate hulle meer van Hom leer.

12 Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond

Bid vir bekeerde Gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond wat mishandel, gedreig en vermy word. Bid vir krag tydens die



Bid dat baie meer mense in Suidoos-Asië tot geloof sal kom, soos die geheime gelowige, Lisa*.

(GVM's vervolg)

aanhoudende vervolging en dat God hulle sal beskerm.

13 Wêreldwelwillendheidsdag

Bid dat gelowiges barmhartigheid aan nie-gelowiges sal bewys en hulle Christus deur dié liefde en welwillendheid sal ontmoet. Bid dat vriendelikheid steeds h verstaanbare taal vir almal sal wees, ten spyte van kultuurverskille en oortuigings.

14 Geopende Deure-werkers

Bid vir bemoediging en versterking vir Geopende Deure se werkers terwyl hulle die Evangelie versprei. Bid vir die werk wat hulle doen en die kursusse wat hulle aanbied om vervolgte gelowiges te bemagtig.

15 Sirië

Bid dat God vrywilligers by die Sentrums van Hoop, wat dikwels verwaarloosde armes en bejaardes bystaan, sal seën. Bid dat hulle h hart sal hê vir diens aan medeburgers en vir voortgesette voorsiening vir hierdie sentrums.

16 Suidoos-Asië

Prys God vir die wonderbaarlike getuïenisse van vroue soos Lisa*. Bid dat meer harte

vatbaar sal wees om die Evangelie te ontvang en daardeur Jesus as Verlosser aan te neem.

17 Wêreldvredesdag

Bid dat talle mense regoor die wêreld die Here se vrede sal leer ken. Bid vir die vrede van Jesus, wat alle verstand te bowe gaan, om in gelowiges se lewens te heers. Bid dat hulle met genade en kalmte teenoor mekaar en nie-gelowiges sal optree.

18 Nigerië

Bid vir Nathan en Rebecca terwyl hulle op die Here wag vir die terugkeer van hul dogter, Leah, wat in Februarie 2018 deur die Islamitiese Staat ontvoer is. Bid dat hulle bemoedig sal word deur hul dogter se geloof terwyl hulle in gebed hoopvol bly.

19 Midde-Ooste

Prys God vir bekeerde ongelowiges en die saadjies van hoop wat deur ons sewe jaar lange "Hoop vir die Midde-Ooste"-veldtog in die harte van baie mense geplant is. Terwyl die jaar tot h einde kom, bid dat God sal voortgaan om kragdadig in die Midde-Ooste te werk.

20 Kuba

Bid dat vervolgte gelowiges sal besef dat geboue nie h kerk vorm nie. Aangesien kerke voortdurend in Kuba gemonitor word, is dit belangrik dat hulle weet: Waar twee of meer bymekaar kom, is God se gees teenwoordig. Bid vir wysheid vir die verskillende gemeenskapskerkleiers.

21 Publikasie van Bybels

Prys God vir die aaneenlopende vertaling en publikasie van Bybels. Dank God dat Sy Woord aan diegene sonder h Bybel versprei kan word – gelowiges wat smag om van die Here te leer. Bid dat dit baie mense sal bereik.

22 Sirië

Gelowiges is in Julie tydens die inwyding van h kerk in Sugaylabiya in h hommeltuigaanval beseer en doodgemaak. Bid vir die genesing van beseerdes en dat God families sal vertroos wat geliefdes verloor het.

23 Tadjikistan

Nuwe kerke sal nie meer in Tadjikistan geregistreer word nie. Dié besluit bring mee dat die beoefening van godsdiensvryheid strafbaar sal wees vir kerke sonder staatsregistrasie. Bid vir gelowiges wat nou in die geheim moet aanbid en vir wysheid vir kerkleiers.

24 Rwanda

Sedert 2018 is meer as 8 000 kerke gesluit. Dié optrede het talle gelowiges sonder h plek van aanbidding gelaat. Bid vir wysheid vir kerkleiers en gelowiges om te volhard om die Here te loof waar hulle geleë is.

25 Nigerië

Bid vir kerkgangers wat ná h aanval in Nigerië deur twee gewapende mans vroeër vanjaar ontvoer is. Bid vir hulle veilige terugkeer en

dat gemeentelede se geloof in hierdie tyd versterk sal word. Bid ook vir die genesing van diegene wat tydens die aanval beseer is.

26 Soedan

Bid vir gelowiges in Soedan terwyl ekstremistiese Islamitiese vervolging hier toeneem. Bid vir die vereniging van gelowiges en standvastigheid in gebed en geloof.

27 Kuba

Bid vir pastoor Lorenzo, wat weens sy deelname aan vreedsame betogings teen kartel-misdade in die Santiago de Cuba-provinsie gevange geneem is. Bid dat die Heilige Gees sy gemoed sal versterk en dat sy geloof standvastig sal bly.

28 Indonesië

Prys God vir die lewe van pastoor Fernando Tambunan*, wat God se volk in Indonesië getrou dien. Vroeër vanjaar is hy gewond, waarskynlik weens sy evangelisering. Bid dat God hom volkome sal genees en dat geregtigheid sal seëvier.

29 Sri Lanka

Bid vir pastoor Charles*, wat deur h bende aangerand is omdat hy h versoek geweier het om ander musiek as lofsange by h familietroue te speel. Bid vir genesing en vertroosting vir sy familie en dat die aanvallers voor die gereg gebring sal word.

30 Oman

Oman is h toegewyde Islamitiese land waar nuwe gelowiges weens hul bekering dikwels deur hul familielede en gemeenskappe verstoot word. Bid vir standvastigheid van geloof en voorsiening wanneer hulle misken word.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.



TERUGBLIK OP 2022

Vanjaar is huise en kerke gesloop.

Werkloosheid het in die ontworteldes se lewens ingetree.

Oorlog en dood het gesinne uitmekaar geskeur en miljoene het in armoede verval.

ἡ Jaar wat gekenmerk is aan wanhoop, maar ook ἡ jaar waartydens God se genade deur gebede, dade en die ondersteuning van gelowiges soos jy uitgespreek is – laasgenoemde wie se liefde en vrygewigheid steeds ἡ baken van hoop vir baie vervolgte gelowiges was.

Lewensbestaan is herstel, huise is herbou, hulp is ontvang en baie mense het Christus leer ken.

Soos die jaar nou tot ἡ einde kom, duur vervolging voort. Geloof het nie afgeneem nie en hoop bly as gevolg van jou lewendig.

“Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak afgemat nie.” (Jesaja 40:31)

DESEMBER

1 Soedan

Prys God vir die vrylating van vier mishandelde Christene in Darfoer, wat van afvalligheid aangekla is. Bid dat die ervaring hulle vasberadenheid sal versterk om die Here te dien en hul getuienisse bemoedigend vir ander gelowiges sal wees.

2 Afganistan

Hou aan om te bid vir vervolgte gelowiges in Afganistan, wat geweldige teenkanting ervaar. Bid dat hulle sal volhard in geloof en dat Sy engele rondom hulle h laer sal opslaan terwyl hulle gevaar trotseer.

3 Sentraal-Asië

Bid dat God gelowiges in Sentraal-Asië sal ophef en aan hulle middele sal gee om te groei namate hulle meer van Christus wil leer en hul kennis oor Hom wil verbreed.

4 Mauritanië

Bid vir Christene wat maniere soek om die Bybel met nuwe gelowiges in Mauritanië te deel. Bid vir wysheid en beskerming vir hierdie gelowiges terwyl hulle die lewende Woord deel.

5 Jeug wêreldwyd

Bid vir wysheid en leiding vir die jeug en jong gelowiges wêreldwyd terwyl hulle uitdagings langs die pad ervaar. Bid dat hulle Christus sal leer ken en dat dié wat Hom ken in geloof sal groei en nie daarvan sal afwyk soos hulle ouer word nie.

6 Vroue wêreldwyd

Bid dat vroue wêreldwyd hul waarde in Christus sal ken en die krag sal vind om hul rol as vroue in God se koninkryk te vervul. Bid dat hulle geëer sal word vir alles wat hul

hande aanraak en dat hulle dade lof sal bring (Spreek 31:31).

7 Mans wêreldwyd

Bid dat mans God se leiding sal soek en vasbeslote sal wees om hul rol uit te voer soos dit deur God voorgeskryf word. Bid dat hulle in staat sal wees om hul gesinne te beskerm en aan hulle te voorsien.

8 Geopende Deure-werkswinkels

Prys God vir die daarstelling van deurlopende werkswinkels om die personeel en vrywilligers van Geopende Deure Internasionaal se vaardighede te verbeter. Dank die Here vir nuwe metodes om die vervolgte Kerk doeltreffend te dien en eer aan God te bring.

9 Internasionale Teenkorrupsiedag

Bid dat regerings wêreldwyd hul eed teen korrupsie sal onthou en sal doen wat in God se oë welbehaaglik is. Mag hulle hul verantwoordelikhede teenoor landsburgers met ywer en eerlikheid uitvoer.

10 Oesbekistan

Bid vir die regering se herooring van die kriminele wetgewing wat die verspreiding van godsdienslektuur, aanbiddingsbyeenkomste sonder amptelike toestemming en gesprekke oor geloof straf.

11 Vereniging van Christelike huwelike

Bid veral vir vervolgte gelowiges vir die vereniging van Christelike huwelike. Bid dat die Here die verbintenisse sal seën en dat God se liefde deur hul huwelike as h getuienis van Sy genade sal skyn.

12 Tunisië

Bid vir beskerming vir Tunisiese gelowiges. Bid dat die Kerk hier sal groei namate meer gelowiges Christus as hul Verlosser leer ken en aanvaar.

13 Guinee

Bid dat die geloof van bekeerdes in die Fulani-veewagtersgemeenskap sal groei. Bid dat God hulle sal gebruik om Sy getuies onder hul families te wees.



Verteenwoordigende foto gebruik.

14 Kenia

Bid vir diegene in ons vervolgte familie wat van werk- en opvoedingsgeleenthede uitgesluit word. Bid dat hulle op God se Woord sal staan en Hom ten volle sal vertrou vir die voorsiening van hul behoeftes.

15 Vennote in die veld

Bid vir Geopende Deure se vennote in die veld, wat hul lewens daaraan wy om die Evangelie te verkondig en vir vervolgte gelowiges te bid. Bid dat hulle krag uit die Here sal put en bemoedig sal word wanneer hulle die vreugde van die Here by gelowiges opmerk.

16 Versoeningsdag

Bid dat die Heilige Gees vervolgte gelowiges sal koester wanneer hulle daarna smag om versoen te raak met geliefdes wat hulle verstoot. Bid dat hul bekering hulle die warmte van die Heilige Gees sal laat ervaar op dae wanneer hulle alleen voel. Bid dat die waarheid van die Evangelie hulle as geliefdes en gelowiges in Christus sal versoen.

17 Laos

Bid dat God vrede sal gee aan diegene wat weens hul bekering gearrester is. Bid dat hulle geloof sal versterk en dat die Here hul vervolgers se harte sal verander.

18 Noord-Korea

Bid vir Noord-Koreaanse gelowiges wat steeds uiterste vervolging in onmenslike arbeidskampe en tronke in die gesig staar. Bid vir beskerming vir dié gesinne en vir gelowiges wat gedwing word om hul geloof weg te steek.

19 Somalië

Bid vir bekeerde Islamitiese Somaliërs wat weens hul geloof deur hul families verstoot word. Bid dat hierdie gelowiges sterk sal staan in die Woord van die Here en dat dit hulle geloof sal verdiep.

20 Colombië

Bid vir inheemse Colombianse wat weens hul bekering vervolging in die gesig staar. Bid

(Colombië vervolg)

dat die Heilige Gees hulle geloof sal versterk en aan hulle wysheid sal gee om te volhard met die verspreiding van die Goeie Nuus sodat ander tot bekering kan kom.

21 Tadjikistan

Bid vir ouers wie se kinders wettiglik nie aan kerk- of godsdiensoptrede mag deelneem nie. Bid dat hulle wysheid sal hê met die leiding van hul kinders in die weë van die Here.

22 Die Russiese-Oekraïense Oorlog

Bid vir gelowiges en burgers van Rusland en Oekraïne terwyl die verwoestende oorlog voortduur. Bid dat die einde van die konflik binnekort sal aanbreek.

23 Mianmar

Vroeër vanjaar is twaalf Christelike kerke en verskeie gelowiges se huise deur Junta-magte in Mianmar afgebrand – hê aksie wat talle gelowiges ontwortel het. Bid vir voorsiening vir hierdie gelowiges.

24 Mexiko

Bid vir die Christenleiers wie se lewens dikwels weens evangeliese aktiwiteite in gevaar gestel word. Bid dat God aan hulle wysheid sal gee en hulle sal lei wanneer hulle hul gemeenskappe dien.

25 Kersdag

Dank God vir ons wonderbaarlike Raadsman, magtige God, ewige Vader en Vrededors. Bid vir vervolgte gesinne wat nie hierdie dag kan vier nie en waarskynlik vandag meer intense vervolging sal verduur.

26 Welwillendheidsdag

Bid dat ons as gelowiges dit wat ons het met ander sal deel. Selfs met dié wat nie

ons geloof deel nie. Hierdeur kan die lig van Christus as getuie helder skyn vir dié wat Hom nie ken nie.

27 Gebede vir uithou vermoë

Bid vir die talle vervolgte gelowiges wat weens hul vertroue in Christus lyding verduur. Bid vir standvastigheid van geloof en dat God hulle sal toerus om ter wille van Sy Naam te volhard.

28 Indië

Bid vir vervolgte Christenleiers soos pastoor Shekhar*, wat weens vervolging gedwing is om uit hul huise te vlug. Bid dat God hulle sal ontmoet waar hulle nou is en in hul behoeftes sal voorsien.

29 Bangladesj

Bid vir vervolgte Christene in die afgeleë gebiede van die Boeddhistiese suidoostelike deel van dié land, wat deur Boeddhistiese vervolging word. Bid dat hulle toegelaat sal word om hul geloof vrylik te beoefen.

30 Gebede vir beskerming

Bid vir die beskerming van vervolgte gesinne wat geskei is in die hoop om asiel vir hul geliefdes in ander lande te verkry. Bid dat God hulle bymekaar sal bring soos Hy met Sy skape doen – en dat hulle aan Psalm 23 herinner sal word.

31 Oujaarsaand

Kom ons kyk terug na 2022 met dankbaarheid terwyl ons die jaar afsluit, en laat ons met hoop uitsien na 2023. Dankie vir God se voorsiening en beskerming die afgelope jaar. Bid vir krag en wysheid terwyl ons hê nuwe jaar betree, wetende dat Sy genade voldoende is en vir ewig duur.

*Name is vir sekuriteitsredes verander.

GEBED VIR 2023

U Woord sê dat U weet wanneer ek sit en wanneer ek opstaan; U betrag my gedagtes van ver af. U ken my hartsbegeertes en my behoeftes. Mag my begeertes vervul word volgens U wil en tot U eer.

Mag dié wat U nie ken nie, U liefde en verlossing leer ken. Mag dit deur ons gebede en optrede wees dat mense ervaar ons is van God. Mag die nuwe jaar die begin wees van alle dinge wat nuut is in Christus.

Vader, skenk asseblief krag, moed en vrede aan ons vervolgte familie en gelowiges wêreldwyd. Mag ons voortgaan om dienaars van die vervolgte Kerk te wees deur gemeenskap, gebed en ondersteuning. Vergun ons om h verskil te maak in vervolgdes se bestaan terwyl hulle ter wille van U Naam volhard.

Laat hierdie jaar gevul wees met U seëninge, genade en dankbaarheid.

In U Seun, Jesus Christus, se Naam, Amen.



JANUARIE

1 Nuwejaarsdag

Vandag is die aanvang van h nuwe jaar, h nuwe hoofstuk en h nuwe begin. Bid dat ons sal aanhou om Jesus te volg en dat ons vertrouwe in Hom sal bly. Mag ons voortgaan om getuies van God se getrouheid te wees.

2 Vervolgde gelowiges

Terwyl die vervolging van gelowiges toeneem, bid dat die Here hul sterk toring sal bly. Bid dat hulle herinner sal word aan God se krag en werk in hulle lewens, sodat hul geloof te midde van vervolging standvastig sal bly.

3 Geopende Deure Internasionaal

Bid vir hernude krag en herlewing van gees vir ons personeel, vennote en vrywilligers. Hierdeur kan ons saam voortgaan om die aflostokkie vir ons vervolgte familie te dra.

4 Wêreld-Brilledag

Bid vir blinde gelowiges wat in talle lande addisionele lyding ervaar en weens hul blindheid ook verwerping in die gesig staar. Bid dat God in al hulle behoeftes sal voorsien en hulle ook met Oudiobybels sal seën sodat hulle in geloof kan volhard.

5 Geopende Deure Suider-Afrika

Bid dat ons personeel, vrywilligers en almal wat by die bediening van ons vervolgte familie betrokke is, dit tot die beste van hul vermoë en tot eer van God sal doen. Bid dat almal getrou sal bly aan die Liggaam van Christus.

6 Dankbaarheidsgebed

Dank God vir die lewe waarmee Hy ons seën en dat Hy ons gekies het om Sy Woord te deel. Dank God vir die getroue getuies van ons vervolgte familie. Dié gelowiges dien Hom, ten spyte van vervolging, onder hul gesinne en gemeenskappe in verre lande.

7 Geopende Deure-vennote

Bid dat God alle Geopende Deure-vennote soos jy, wat oorfloedig van hulself aan die bediening gee, mildelik sal seën. Bid dat hulle hierdeur bewus sal word van die kosbare impak wat hulle op die lewens van ons vervolgte familie maak. Prys God vir hul harte om ons vervolgte familie te ondersteun.

8 Ondergrondse gelowiges

Bid vir ondergrondse gelowiges wat gedwing word om hul geloof weg te steek. In sommige gevalle kan hulle nie bymekaar kom om in hul geloof en kennis van God se Woord te groei nie. Bid dat hulle sal vasstaan en God se beloftes sal koester.

9 Christenleiers wêreldwyd

Bid vir wysheid vir Christenleiers en dat hulle God se mense met liefde en nederigheid sal lei. Bid dat hulle versterk en toegerus sal word in hul roeping om die Kerk te dien.

10 Gebed vir voorsiening

Prys God vir werkende gelowiges – diegene

wat aanhou om Christus te volg ten spyte van vervolging en diskriminasie in hul werkplekke. Bid dat werkloos geseën sal word met h geleentheid om aan hul gesinne te voorsien.

11 Mensehandelbewustheidsdag

Bid vir dié in ons vervolgte familie wat ontvoer is en nou in die buiteland verhandel word. Bid vir God se vertroosting en Sy vrede sodat hulle na veiligheid kan ontsnap.

12 Suid-Afrikaanse skole heropen

Bid vir die veiligheid van kinders wanneer hulle vir die nuwe skooljaar terugkeer. Bid dat hulle opvoeding geseën sal word en dat die Goeie Nuus onder vriende by die skool gedeel kan word. Bid dat onderwysers en die kinders met doelgerigtheid sal onderrig en lei.

13 Regeringsleiers wêreldwyd

Bid tot ons Hemelse Vader dat regeringsleiers hulle tot God sal wend vir leiding en wysheid. Bid dat God in hul harte sal werk om godsdiensvryheid te verseker.

14 Uitsaai van Christelike programme

Bid dat God radiostasies en televisiekanale sal seën wat daartoe verbind is om die Evangelie en aanbidding te verkondig. Bid dat vervolgte gelowiges wat na die uitsendings luister, bemoedig en versterk sal word in hul geloof.

15 Wêreldgodsdienstag

Bid dat ons vervolgte familie wat nie vrylik kan aanbid nie, maniere sal vind om veilig bymekaar te kom. Bid ook dat diegene van ander gelowe wat die waarheid soek Jesus sal vind – die Waarheid, die Weg en die Lewe.

16 Iran

Bid vir die Iranse Christene wat tot 22 jaar tronkstraf opgelê is vir die stigting van huiskerke in Junie verlede jaar. Bid vir standvastigheid in hul geloof en dat God vir hul gesinne sal voorsien.

17 Viëtnam

Bid vir Christengesinne wat uit hul dorpe verban is terwyl die regering oorweeg om die land se godsdienswette te verskerp. Bid dat hierdie gesinne getrou sal bly aan die Here.

18 Wêreldwaarnemingslys 2023

Bid dat die nuwe Wêreldwaarnemingslys verhoogde bewustheid sal teweegbring, en dat meer gelowiges wêreldwyd as gevolg hiervan 'n verskil in die lewens van vervolgte gelowiges sal maak.

19 Vennote wat saam reis

Bid vir veiligheid en genade vir dié wat na lande reis waar gelowiges vervolgd word. Bid dat hulle teenwoordigheid as bakens van hoop vir vervolgte gelowiges sal dien. Bid dat hulle ook in geloof bemoedig sal word.

20 Soedan

Terwyl die algemene verkiesing vanjaar plaasvind, bid dat die nuwe regering met grasia sal lei en leiers die vervolging van Christene sal teëstaan.

21 Opleidingsentrums vir vaardighedsontwikkeling

Bid vir gelowiges wat toesig hou oor opleidingsentrums wat op die bemagtiging van vervolgte gelowiges gemik is. Bid dat kursusse wat hier vir ons vervolgte familie aangebied word, vir hulle 'n nuwe hoofstuk en lewe sal bied.



Opleiding vir Volwasse
Geletterheidsonderwysers,
Bangladesj.

22 Vergifnis van vervolgers

Bid dat gelowiges wat vervolging in die gesig staar, hul vervolgers sal vergewe en genesing in Christus sal vind. Bid dat hulle bitterheid teenoor hul vervolgers sal laat vaar en die genade wat God aan sondaars bewys, sal onthou.

23 Geestelike oorlogvoering

Bid vir die gelowiges en die geestelike stryd waarin hulle hulself in moeilike tye bevind. Bid vir onderskeidingsvermoë, wysheid en geduld in tye van beproewing.

24 Internasionale Dag van Onderwys

Bid dat die Woord van God na skole sal terugkeer sodat leerlinge meer oor God kan leer. Bid vir vervolgte Christen-kindere, wat opvoeding geweier word of by die skool weens hul geloof geboelie word. Bid ook vir onwortelde kindere wat nie kan skoolgaan nie.

25 Suid-Asië

Bid vir Girilal*, wie se weiering om sy geloof te verloën sy gesin en winkel vernietig het. Bid vir voorsiening en beskerming vir Girilal en sy gesin.

26 Herstel van gesondheid

Bid vir die herstel van gesondheid vir vervolgte gelowiges en dat hulle billike behandeling by mediese fasiliteite sal ontvang.

27 Geheime gelowiges

Bid dat kanale voortdurend geskep sal word om die Evangelie met geheime gelowiges te deel. Bid vir die versterking van hul geloof en strewe om Christus te ken.

28 Die volgende generasie

Bid vir die volgende generasie van die Kerk, wat talle uitdagings in die gesig staar. Bid dat hulle deur ouderlinge versterk sal word en deur mense omring sal word wat hulle in hul geloofsreis sal bemoedig.

29 Vervolgde vroue

Bid vir ons vervolgte susters in lande waar die gewelddadige vervolging van vroue plaasvind en deurentyd oor die hoof gesien word. Bid dat hulle krag in Jesus sal vind en dat hul geloof onwrikbaar sal bly.

30 Filippyne

Vandag is die Filippyne se Nasionale Bybeldag. Bid dat God se Woord in gelowiges se harte gegraveer sal bly. Baie mense staar steeds vervolging in die gesig omdat hulle die Goeie Nuus verkondig. Bid vir maniere waarop ander die Evangelie kan ontvang en dat mense hul harte sal oopmaak om tot bekering te kom.

31 Turkye

Bid vir die Christene wat vervolging en diskriminasie weens hul geloof ervaar. Bid dat die regering se harte teenoor hulle sal verander.



Geopende Deure

Vervolg  Maar nooit alleen.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.